Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 10**

**NOVEMBER 2020**

# GESKIEDENIS (WEERGAWE 1) NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **40% (20)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **20% (10)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

  ____________________ . ________________________________ . ____________

  √√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van 'n opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**Die matriks**

2.5 2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG

## VRAAG 1: HOE HET SHAKA 'N KRYGER, DIE MAGTIGE ZOELOE-KONINKRYK GEKONSOLIDEER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Nandi (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hy het sonder 'n vader grootgeword. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- (a) Dindiswayo
- (b) Zwide (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hy is beveel om as een van die Mthethwa-regimente te dien.
- Sy dapperheid en ambisies.
- Hy wou heers oor die seuns wat hom as kind geboelie het.
- Hy was talentvol en dapper.
- Sy droom om eendag stamhoof te word.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hy het sy ambisies gesien en hom tot 'n groot leier gementor.
- Hy het hom opgelei om 'n groot vegter te word.
- Hy het sy charisma gemotiveer.
- Hy het hom as die hoofman na die dood van sy vader aangestel.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- KwaBulawayo (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- by die plek van die moord (1 x 1) (1)

1.2.3 *[Verduidelikking van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Wegvlug van groepe mense wat Shaka se wreedheid gevrees het.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Zwangendaba
- Mzilikazi
- Soshangane (3 x 1) (3)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Massiewe oordrag van ekonomiese potensiaal na ŉ gesentraliseerde staat is ontwikkel.
- Die veerykdom is aansienlik verbeter.
- Ontwikkeling van trots om aan die ongeëwenaarde militêre mag van die Zoeloe te behoort. (3 x 1) (3)

1.2.6 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Massamoord op mense
- Gedwonge migrasie / Mfecane
- Hongersnood en chaos
- Nuwe groepe is gevorm
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Henry Francis Fynn
- Francis Farewell (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hy was nuuskierig oor hul tegnologiese ontwikkelings.
- Hy was angstig om oor hul oorlogvoering te leer.
- Hy was geïnteresseerd in die kultuur.
- Hy was bedag op die voordele wat hulle handel aan hom kon bring (Enige 3 x 1) (3)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Shaka het die wit handelaars die mees bevoordeelde behandeling gegee.
- Hy het hulle grond gegee.
- Hy het hulle toegelaat om ŉ nedersetting by Port Natal te bou.
- Hy was in staat tot vrygewigheid. (2 x 1) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- ŉ Wrede tiran
- ŉ Onbetwiste, almagtige heerser (2 x 1) (2)

1.3.5 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hulle wou die beheer van Port Natal oorneem.
- Hulle wou die vriendskap wat hulle met Shaka gesmee het, tot hul voordeel gebruik.
- Hulle wou meer oor sy koninkryk leer.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Dit beeld ŉ goed opgeleide Zoeloe-kryger (vegter) uit.
- Hulle het assegaaie/spiese en skilde gedra.
- Zoeloe-vegter het nie skoene vir beweeglikheid gedra nie.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Vergelyking van bronne en die bepaling van ooreenkomste tussen Bronne 1D en Bron 1A – V3]*

- Bron 1D beeld ŉ goed opgeleide Zoeloe-kryger (vegter) uit.
- Bron 1A vertel hoe Shaka vaardig en waaghalsig was.
- Bron 1D wys hoe een van Shaka se krygers geen skoene dra nie.
- Bron 1A wys hoe Shaka wreed, talentvol en dapper was.
- Albei bronne wys hoedat die krygers magtig en dapper was.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Shaka se opvoeding het daartoe gelei dat hy ŉ vegter was. (eie kennis)
- Hy was vaardig en waaghalsig (Bron 1A)
- Shaka het Ndwandwe, Mthethwa en Zoeloe saamgevoeg om ŉ magtige Zoeloe-koninkryk te vorm (Bron 1A).
- Shaka het ŉ hoofstad vir die Zoeloe-koninkryk gestig (Bron 1B)
- Shaka het ŉ goeie militêre stelsel ontwikkel deur ekonomiese en sosiale veranderinge in die Zoeloe-koninkryk (Bron 1B)
- Shaka het wit handelaars toegelaat om hulle in sy koninkryk te vestig sodat hy meer inligting kon kry om sy koninkryk te ontwikkel (Bron 1C)
- Hy was ŉ wrede onbetwiste tiran, maar was vrygewig/vriendelik (Bron 1C)
- Shaka se soldate was altyd fiks en gereed om aan te val (Bron 1D)
- Shaka se soldate het oor doringagtige terreine gehardloop, kort spies gebruik om op kort afstand aan te val en het ŉ lang skild gehad om hulle teen die vyand te beskerm. (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe Shaka, die kryger, die Zoeloe-koninkryk in ŉ magtige koninkryk gekonsolideer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou tot ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon ŉ mate van begrip van hoe Shaka, die kryger, die Zoeloe-koninkryk in ‘n magtige koninkryk gekonsolideer het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese wyse om ŉ paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer ŉ **deeglike begrip van hoe Shaka, die kryger, die Zoeloe-koninkryk in ŉ magtige koninkryk gekonsolideer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET BRITSE KOLONIALISME DIE LEWENS VAN DIE INWONERS VAN DIE KAAPKOLONIE BEÏNVLOED?**

2.1 2.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Die beleid of praktyk om volle of gedeeltelike politieke beheer oor 'n ander land te verkry, dit te beset met sy setlaars en dit ekonomies uit te buit. (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Twee onbekende geeste (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Hulle moet hul beeste slag.
- Hulle moet hul koring vernietig. (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'n Klein minderheid Xhosas, bekend as amagogotya (suiniges) het geweier om hul vee te slag. (1 x 1) (1)

2.1.5 *[Interpretasie en analiese van bewyse uit Bron 2A –V2]*
- Xhosas het honger gely
- Hulle het as slawe arbeiders vir die Britte gewerk
- Xhosa-hoofmanne is gevange geneem
- Mense is sonder leiers gelaat
- Xhosa-grond is vervreemd vir die wit nedersetting
- Massiewe program vir intensiewe werwing van Swartes is deur die Goewerneur begin
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Khoi-khoi of Hottentots (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om diskriminasie en uitbuiting te beveg
- Hulle verbied rassediskriminerende wetgewing.
- Hulle eie gelykheid voor die wet. (2 x 1) (2)

2.2.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Boere het nie meer mag oor Kleurlinge gehad nie.
- Hulle het 'n groep arbeiders verloor.
- Boere was nie daaraan gewoond om gelyk met Kleurlinge te wees nie.
- Boere het gevoel dat daar 'n werklike behoefte bestaan om uit die Kaap te trek.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Hulle het gehoop om 'n vestiging van hul eie te stig, vry van Britse invloed en inmenging.
- Hulle het ook wegbeweeg van die koloniale administrasie van die Britte.
- Die wat getrek was, semi-nomadiese pastoraliste wat groot dele grond wou hê. (3 x 1) (3)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Hulle het nie Engels as 'n amptelike taal aangeneem nie.
- Dit het Boere baie ongelukkig gemaak. (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Hulle wou 'n vrye en veilige hawe kry
- Hulle het wegbeweeg van die koloniale administrasie
- Bekendstelling van Ordonnansie 50
- Rol wat Christelike sendelinge gespeel het
- Afskaffing van slawehandel
- Verengelsing (4 x 1) (4)

2.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Hulle was boere
- Hulle wou vir hulself werk
- Hulle wou nie vir Britse-koloniste werk nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (2)

2.3.5 *[Interpretasie en analiese van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Hulle het nie die Swartes as hul gelykes erken nie
- Hulle beskou Swartes as slawe
- Hulle het hulle as 'n minderwaardige ras beskou
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Nongqawuse en Nonkosi (2 x 1) (2)

2.4.2 *[Interpretasieen analiese van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dit wys vir die mense wat saam met die profesie gekom het.
- Dit wys Nongqawuse en Nonkosi.
- Dit wys die profetesse
- Dit toon die voorval wat in 1856–1857 gebeur het.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie en bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 2D – V3]*

- Dit wys die profetesse wat vir die Xhosa vee-slagting in 1856–1857 verantwoordelik was.
- Dit wys vir Nongqawuse en Nonkosi wat saam met die profesie gekom het.
- Hulle profesie het tot die vee-slagting deur die Xhosas gelei met die hoop dat hulle die Britse volk gaan verslaan.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van inligting uit die bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Xhosa is gedwing om vir die wittes te werk (Bron 2A)
- Almal wat nie vir die wittes wou werk nie, is in hegtenis geneem (eie kennis)
- Ordonnansie 50 is bekendgestel (Bron 2A)
- Hottentotte het gelyke regte as die wittes gehad (Bron 2B)
- Hottentotte vryheid gegee (Bron 2B)
- Die Boere het die Kaap vir veilige hawe verlaat (Bron 2C)
- Kaap is verengels wat die Boere kwaad gemaak het (Bron 2C)
- Swartes het ná die vee-slagting voorval vir Blankes gewerk (eie kennis)
- Grondkonflik tussen die Boere en die Xhosa (eie kennis)
- Grensoorloë het ook ŉ impak op die lewens van die Boere gehad (eie kennis)
- Die profesie het die Xhosas in ŉ nadelige posisie geplaas om deur Britte uitgebuit te word. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, **toon min of geen begrip van die impak van Britse kolonialisme op die inwoners van die Kaapkolonie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ŉ groot mate verband mate verband met die onderwerp, **toon ŉ van begrip van die impak van Britse kolonialisme op die inwoners van die Kaapkolonie.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv **toon ŉ deeglike begrip van die impak van Britse kolonialisme op die inwoners van die Kaapkolonie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon ŉ begrip van die onderwerp. | **5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE SUID AFRIKAANSE OORLOG DIE LEWENS VAN BEIDE DIE BOERE EN SWART SUID AFRIKANERS TYDENS DIE JARE 1899–1902 BEÏNVLOED?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Transvaal
- Oranje-Vrystaat (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 11 Oktober 1899 (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Khoi
- San
- Zulu
- Xhosa
- Tsonga
- Swati (Enige 4 x 1) (4)

3.1.4 *[Interpretasie en analiese van bewyse uit Bron 3A –V2]*
- Dit was ŉ oorlog tussen die Boere en Britte
- Dit was ŉ oorlog tussen Afrikaanse en Engelssprekenders
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie en analiese van bewyse uit Bron 3A –V2]*
- Hulle het gehoop om stemreg te kry
- Hulle het gehoop om hulle grond terug te kry
- Hulle het gehoop om gelykheid en vryheid te verkry
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ŉ Militere strategie wat deur die Britte gebruik was om die Boere se plase te verbrand. (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Mediese verwaarlosing
- Blootstelling aan siektes a.g.v. oorbevolking
- Wanvoeding
- Aansteeklike siektes (3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie en analiese van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Witmense is voorkeur en meer aandag as Swartes gegee.
- Swartes se voedselratsoene was kleiner as dié in wit kampe.
- Swartmense moes hul eie akkommodasie bou.
- Emily Hobhouse, ŉ hervormeerder, het net wit kampe besoek.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dit was die einde van die oorlog tussen die Boere en Britte.
- Afrikaners deur die Britte verslaan
- Vredesonderhandelinge tussen die Boere en Britte.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Tingerig (skraal)
- Swak (2 x 1) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Haar pa het hom nie oorgegee nie.
- Hy het nie sy mense verraai nie. (2 x 1) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Klein voedselrantsoene rou uitgedeel
- Die gebrek aan middele om dit te kook
- Gebrek aan water vir drink, vir kook, vir wasgoed was
- Gebrek aan seep, borsel en ander instrumente van persoonlike netheid
- Gebrek aan beddegoed of van beddens om die liggaam van die blote/kaal aarde weg te hou
- Gebrek aan warm klere (Enige 4 x 1) (4)

3.3.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Daar was diepe haat tussen die Britte en die Boere
- Albei wou totale beheer oor Suid-Afrika hê
- Brittanje wou die beheer van die grondstowwe/mineraalbronne wat in die Boererepublieke gevind is, hê
- Die Boere het Brittanje as ŉ gulsige land beskou wat nie die beste belange van Suid-Afrika op die hart gehad het nie.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit toon dat mense in groot getalle in die kampe sterf
- Die toon die verwoestende toestande wat tot ŉ hoë sterftesyfer gelei het
- Mense is in loopgrawe begrawe
- Daar was geen waardige begrafnisse nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.2 *[Vergelyking van bronne en die bepaling van ooreenkomste tussen Bron 3B en 3D – V3]*
- Bron 3B toon hoë sterftesyfer as gevolg van wanvoeding, mediese verwaarlosing en aansteeklike siektes.
- Bron 3D toon die aantal lyke of dooie liggame
- Albei bronne toon ŉ hoë sterftesyfer in die kampe.
- Albei bronne wys swartmense in groter getalle as witmense in die kampe sterf.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Verskillende bevolkingsgroepe was by die oorlog betrek (Bron 3A)
- Swartes is van die plase na konsentrasiekampe verwyder (eie kennis)
- Daar was mediese verwaarlosing, wanvoeding, blootstelling aan aansteeklike siektes (Bron 3B)
- Daar was oorbevolking (eie kennis)
- Boere is verslaan en die Verdrag van Vereeniging is onderteken (Bron 3B)
- Swartes is nie stemreg gegee soos belowe nie (eie kennis)
- Boerevroue is ook in konsentrasiekampe geplaas (Bron 3C)
- Die Boerevroue-kampe was oorbevolk met geen basiese mediese sorg nie (Bron 3C)
- Diepe haat tussen die Boere en Britte het toegeneem (eie kennis)
- Vroue het nie veilig gevoel nie en het besluit om by die weermag aan te sluit (eie kennis)
- Swart mense het in groot getalle in die kampe gesterf (Bron 3D)
- Swart mense is in loopgrawe begrawe (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, **bv. toon min of geen begrip van die impak van die Suid Afrikaanse Oorlog op die lewens van beide Boere en Swart Suid-Afrikaners gedurende die jare 1899–1902.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, **bv. toon 'n mate van begrip van die impak van die Suid Afrikaanse Oorlog op die lewens van die Boere en Swart Suid-Afrikaners gedurende die jare 1899–1902.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, **bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die impak van die Suid-Afrikaanse Oorlog op die lewens van beide Boere en Swart Suid-Afrikaners gedurende die jare 1899–1902.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **5–6** |

(6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie

## VRAAG 4: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750 – DIE OPKOMS VAN DIE BASOETO-KONINKRYK ONDER KONING MOSHOESHOE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretatiewe vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate sê of hulle saamstem of nie saamstem met die verklaring nie en verduidelik waarom. Die klem moet val op hoe Moshoeshoe strategieë en diplomasie gebruik het om sy nasie op te bou. Kandidate moet hul gegewe argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte insluit

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie.

**UITBREIDING:**
- Moshoehoe het sy nasie versterk deur modernisering en kompromering
- Hy het sy mense opgevoed
- Hy het Christenskap bevorder om sy mense te moderniseer
- Die sendelinge het ŉ groot invloed op die vorming van Basotho-nasie gehad
- Hy het kennis en tegnologie verwerf om sy nasie teen Boere- en Britse-aanvalle te beskerm
- Thaba Bosiu was die middelpunt van sy koninkryk waar sy mense veilig gevoel het
- Thaba Bosiu was nie maklik toeganklik nie
- Moshoeshoe het ook sy weermag gemoderniseer
- Hy het perde en onwettige vuurwapens gekoop
- Hy het ŉ magtige en formidabele leër van gemonteerde geweermanne gehad
- Hy het die Boere toegelaat om as gaste by Caledon-vallei te stop
- Hy het swak mense beskerm en vir hulle grond gegee
- Moshoeshoe het verarmde mense beskerm en vir hulle grond gegee
- Hy het die Mafisa-stelsel gebruik wat vee aan mense geleen het
- Hy het die waarde van Europeërs besef
- Hy het magtige leiers erken en het nie probeer om hulle te beveg nie of om vir grond teen hulle mee te ding nie.
- Hy het vreedsaam saam met beide sy bure en trekboere geleef
- Toe Trekboere hulp vra met hul aanval op die Ndebele, het hy geweier
- Moshoeshoe het met die Boere handel gedryf
- Hy het gewere van die Boere ontvang in ruil vir graan en beeste.
- Toe die Boere nie tevrede was met die Napier-verdrag nie, het Moshoeshoe ŉ stuk grond aan hulle geleen.
- Moshoeshoe het met Sir George Grey onderhandel nadat hy die Britte verslaan het ten einde sy ondergang te vermy.
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750 – SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede – V1]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet bepaal tot watter mate die Britte probeer het om die konflik op die Hoëveld probeer oplos het. Kandidate moet hul gegewe argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die rol wat deur die Britte gespeel is om die konflik in die Hoëveld op te los bespreek.

**UITBREIDING**
- Moshoeshoe het die Hoëveld beset en die aankoms van Boere en Britte het die Basotho weslyn verander
- Grod was die oorsaak van die konflik tussen die drie nasies
- Toe die Boere in die Hoëveld aankom, het Moshoeshoe hulle die grond in die Caledon-vallei laat gebruik
- Aanvanklik het die Basotho en Boere vreedsaam geleef
  In die 1830's was Basotho egter onder druk van verskillende groepe wat in daardie gebied woon
- Die Boerebevolking het toegeneem en die vraag na grond het toegeneem
- In 1843 het Napier en Moshoeshoe 'n Verdrag van Vriendskap onderteken
  Boere was ongelukkig, en om konflik te vermy, het Moshoeshoe grond aan hulle verhuur
- In 1850 het Major Warden 'n nuwe grens getrek wat die Boere bevoordeel het
- Die Wit setlaars het basies al die grond ontvang wat hulle versoek het
- Die Griekwas, die Tlokwa en die Barolong wou ook deel van die grond hê
- Die Boere het in getalle toegeneem en het meer grond benodig
- Moshoeshoe het besef dat hy geen weerstand teen die Boere kon bied nie en het beskerming van die Britte gesoek
- Hy het 'n verdrag met die Britte oderteken en ooreengekom op 'n grens vir die Sotho-koninkryk, wat die Caledonrivier-vallei ingesluit het.
- Moshoeshoe het 'n driehoek stuk grond tussen die Caledon- en die Oranjeriviere vir Wit nedersetting prysgegee
- Henry Warden, 'n Britse agent, het vier van Moshoeshoe se subhoofde se onafhanklikheid van sy gesag toegestaan
- Warden se plan was om onenigheid te saai en dan te regeer.
- Die Warden-lyn het die Basotho vernietig en Moshoe het geweier om die Warden-lyn te aanvaar.
- Klopjagte en steel van vee het voortgeduur en Moshoeshoe is geblameer
- Dit het tot 'n oorlog tussen Moshoeshoe en die Britte gelei
- Die Britte is twee keer deur die Basotho verslaan
- Bloemfontein-konvensie het gelei tot die onafhanklikheid van Oranje-Vrystaat
- Gebied tussen Vaal- en Oranjeriviere is aan die Boere gegee.

- Moshoeshoe is nie geraadpleeg nie en dit het verdere konflik veroorsaak
  Basotho het vee van Boere-boere gestroop en dit het gelei tot ŉ reeks oorloë tussen die Boere en die Sotho
  Die Britte het die Boere met wapens voorsien en die verkoop daarvan aan die Basotho verbied
  ŉ Tweede Sotho-Boereoorlog van 1856–1869 het rampspoedige resultate vir Moshoeshoe gehad
- Hy het ondersteuning en lojaliteit van sy ondergeskikte hoofmanne verloor
- Moshoeshoe het vir Britte beskerming gevra om Basotho-grond te hou
- In 1868 is die Sotho-koninkryk as ŉ Britse kolonie verklaar, en genaamd Basoetoland.
- Moshoeshoe het daarin geslaag om sy koninkryk te red deur te verhoed dat die trekkers sy gebied oorneem
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN DIE UNIE-DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede – V1]*

### SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe die Naturelle Grondwet van 1913 die lewens van die Swart bevolking geraak het.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die maatskaplike en ekonomiese impak van die Naturelle Grondwet op die Swart bevolking krities bespreek.

**UITBREIDING**:
- Die regering het die Naturelle Grondwet van 1913 deurgevoer as gevolg van druk vanaf polities gemagtige wit boere. Voordat die Grondwet deurgevoer is, was baie swart boere suksesvolle deelboere.
- Hulle het die grond verbou en die gewasse wat hulle geproduseer het, verkoop
- Die bekendstelling van die Grondwet het nadelige gevolge vir die deelboere gehad
- Die Grondwet het deelboerdery stop gesit
- Deelboere is gedwing om vir hy wit boere te werk of het op die myne gaan werk
- Sommige deelboere het aanvanklik geweier om vir die blankes te werk en het hul vee geneem en na die reservate gegaan
- Hulle is gedwing om die vee te verkoop om te oorleef, aangesien daar nie genoeg grond vir die vee was nie
- Die Grondwet het die kanse dat Swartes suksesvolle kommersiële boere in kompetisie met blankes sou word, beëindig.
- Sosiaal het die Grondwet die swartes erg geraak
- Swartes is met hul vee uitgesit
- Hulle het in alle soorte weerstoestande rondgedwaal
- Die wet het bepaal dat diegene wat 'n grondlose swart persoon huisvestig gee, 'n straf van 100 pond of gevangenisstraf opgelê kon word
- Die reservate was oorbevolk en ver van die stede af
- Die grond in die reservate was weens gronderosie nie geskik vir landbou nie
- Die toestande in die reservate was swak met en 'n toename in siektes ondervoeding
- Die reservate was van mediese sorgsentrums gelee wat tot 'n hoë babasterfte syfer gelei het
- Hulle het dikwels hulle verswakkende vee doodgemaak of verkoop
- Die hoeveelheid grond wat aan swartes toegeken is, was onvoldoende
- Die SANNC was die eerste organisasie wat die Wet beveg het
- Sol Plaatjie en ander SANNC-lede het na landelike gebiede gegaan om die swaarkry wat deur die Grondwet veroorsaak is, te ondersoek
- Hulle het die Swart-mense se lyding ingevolge die Wet gesien en opgeteken
- Die lede van SANNC was verskeie kere oproepe vir die herroeping van die wet, maar dit was ter vergeefs

- In 1914 het SANNC ŉ afvaardiging na die Eerste Minister, Louis Botha gestuur om teen die Wet te protesteer, maar dit was ook onsuksesvol
- SANNC het na Brittanje gereis omhul griewe aan Britse regering voor te lê
- Hierdie poging was onsuksesvol aangesien die Britse regering geweier het om in te gryp
- SANNC is gestig om die diskriminasie teen swart Suid-Afrikaners te beveg
- Die Grondwet was die voorloper van die apartheidstelsel, talle diskriminerende wette is deurgevoer soos die Wet op Stedelike Gebiede van 1923 om skeiding in 1924 te intersifiseer was die 'beskaafde arbeidsbeleid' deurgevoer, die Bantustan-beleid en die Groepsgebiedwet in die 1950's.
- Dit het ŉ ernstige negatiewe impak op die meerderheid van die bevolking gehad, terwyl dit die minderheid bevoordeel het.
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou